



# KAMMANUUS

Nommer 323

28 Februarie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## Samaritaan skenk R10,000 vir ons Yade-aksie!

Dagsê julle!

Getrou aan Kammanuus se tema om te sorg vir 'n glimlag op elke bakkies, skop ek af met 'n stukkie goeie nuus of twee van Bloemfontein: Een van ons lesers het 'n tjek van R10,000 inbetaal vir Yade!

Ek glo dis dieselfde persoon wat kort gelede R8,000 inbetaal het. Wat my hart so bly maak, is dat ons leser dit daar in Bloemfontein gedoen het, wat beteken hy/sy dra kennis van die omstandighede waaronder Yade funksioneer en dien die tipe skenking as testament van werklike nood wat daar is.

Ek wil ook nie by name die nuwe mense wat gegee het uitsonder nie, want elkeen van ons gereelde skenkers se stuiwer maak 'n groot verskil. En van skil gepraat, hier is nog 'n velletjie goeie nuus wat ek aanhaal uit Yade se e-pos van laas week:

"Ons is baie dankbaar vir die groot skenking hoenders wat ons maandeliks ontvang van 'n anonieme skenker. Dit help ongelooflik baie om te verseker dat ons inwoners daaglik 'n ordentlike gekookte ete ontvang. Verder is ons geseën met 'n oorvloed groente. Willem (een van ons inwoners) het 'n kontak gekry waar ons inwoners soveel groente as wat ons benodig, kan gaan pluk. Byna al ons vrieskaste is gevul met bewerkte groente. Baie van ons inwoners sit heeldag en bewerk die groente om te verseker dat niks vermors word nie."

Ons lesers kan dus gerus wees dat ons geld goed bestee word en die regte eindbestemming bereik. Maak so!

### Die Kat kom weer

Hier in Doha is Kameraatjie terug uit Suid -Afrika en het ons die naweek vir Yusuf Islam by 'n opelug konsert in die Islamitiese Kunsmuseum se tuine gaan kyk en luister.



Ja, dit was die einste Kat Stefaans in lewende lywe, wat meer as dertig jaar gelede gesorg het vir albums soos *Teaser and the Fire Cat* en *Catch Bull at Four*. Daar was 'n aansienlike klompie Suid-Afrikaners in 'n gehoor van so tweeduisend sterk en ek was verbaas om te sien hoeveel aanhangers hy het onder juis die jong klomp.

Agter ons in die gehoor was 'n groepie jong mense wat die woorde geken het en entoesiasies saamgesing het aan van sy ou bekende ballades. Mense wat gebore is terwyl hy nog in selfopgelegde musieksballingskap was.

Nou is daar van ons maatjies wat meen dis was verkeerd om vir die man te gaan luister het. Dit net omdat hy besluit het om Islam as geloof aan te neem.

Ek kan nie saamstem nie. Ons moes nou wel na een of twee van sy 'nuwe' liedjies met 'n sterk Moslem-ondertoon luister, maar hy het genoeg van sy ou gunsteling gesing om die aand 'n sukses te maak vir almal wat gaan luister het.

Hoewel sy orkeslede hom hier en daar moes uithelp met 'n paar van die hoër note, bly Cat maar 'n goeie liedjieskrywer en sanger, al sing hy nou ook onder 'n ander vaandel en al het hy 'n ander naam.

Net soos Cassius Clay destyds steeds goed kon boks, lank nadat hy Muhammed Ali geword het.

Groete uit 'n steeds koelerige Doha,

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

**SKENK HIER AAN YADE AS JY OOK 'N PAAR RAND KAN AFKNYP:**

**First National Bank - Stilfontein**

**Hennie Greeff - Spaarrekening**

**Rekeningnr.: 60379199926**

**Takkode: 240538**



# Om die kampvuur



## OEPS!

### Statistieke SA het my sensusvorm teruggestuur!

Op die vraag: "Hoeveel afhanklikes het jy?" het ek geantwoord:

"10,2 miljoen onwettige immigrante; 15,6 miljoen werkloos; 1,2 miljoen dwelm-verslaafdes; 187,000 mense in tronke en 500 idiote in die parlement."

Dit was skynbaar nie die regte antwoord nie.

#### Wie het ek uitgelaat?

### Die slimmes het gesê

"Jy kan altyd op die Amerikaners vertrou om die regte ding te doen - nadat hulle al die ander maniere probeer het."

~ **Winston Churchill**

In Amerika kan enigeen die president word. Dis hulle groot probleem."

~ **George Carlin**

"Dis gevaarlik om reg te wees as die regering verkeerd is."

~ **Voltaire**



### Vier Vreemde Feite

**1.** Die Mona Lisa het nie ooghare nie. In die Renaissance was dit mode om hulle af te skeer.

**2.** In antieke Rome, China en Duitsland het mense dikwels urine as 'n mondwasmiddel gebruik. (*Seker net hul eie?*)


**3.** Google is eintlik die algemene woord vir 'n syfer met een miljoen nulle.

**4.** Die tong is die enigste spier in jou liggam wat net aan een kant geanker is.

### SMS van die Week

#### Cape Argus:

"Daar is net een ding waarvan die ANC nog nie 'n gemors gemaak het nie: Korrupsie."



## Darwin-pryse vir 2011

Die Darwin-pryse vereer die mense wat hulself vrywillig en op die ongewoonste en domste maniere uit die genepoel verwyder het.

### Semifinalis #4

Werkers in 'n pakhuis in Texas het gas geruik. Heel verstandig het die bestuur die gebou ontruim en alle potensiële bronne van ontsteking afgesit: ligte, krag en dies meer.

Ná die ontruiming is twee tegnici van die gasmaatskappy ontbied. Met hul binnegaan het hulle gesukkel om hul pad in die donker te vind, want nie een van die ligte wou aanskakel nie.

Getuies het later beskryf hoe een van die tegnici sy hand in sy sak gesteek en met iets wat na 'n sigaretaansteker lyk tevoorskyn gekom het.

Toe hy die vlammetjie wou maak, het al die gas in die pakhuis ontbrand, die pakhuis het ontplof en stukke daarvan is vyf kilometer verder opgetel.

Geen teken van die tegnici is gevind nie, maar die aansteker het niks makeer nie.

Die tegnikus wat die ontploffing veroorsaak het, is deur sy kollegas beskryf as "nie die skerpste mes in die laai nie."

## Gholfjoggies

### en hul slim antwoorde

**Speler:** "Ek sal hemel en aarde beweeg as ek net 100 op hierdie baan kan klop."

**Joggie:** "Probeer hemel, jy het reeds die meeste van die aarde beweeg."

**Speler:** "Ek dink ek gaan myself in die dam verdrink!"

**Joggie:** "Dink jy jy sal jou kop so lank kan afhou?"

**Speler:** "Dink jy my spel verbeter?"

**Joggie:** "Ja, jy mis die bal nie meer so ver nie."

## OUDERDOM

Oud is wanneer 'n sexy meisie jou oog tref, en jou pasmaker maak die garage se deure oop.

Of wanneer jou liefie sê: "Kom ons gaan met die trappe boontoe en spring in die kooi" en jy antwoord: "Kies, ek kan nie albei doen nie."

En wanneer jy nie omgee wat jou vrou doen nie, solank jy nie saam hoef te gaan nie.



# Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

## Trots Suid-Afrikaans!

**Bewyse  
gevind dat  
ons die  
wêreld  
vooruit was**

**NADAT** Britse wetenskaplikes verlede jaar drie meter diep gegrawe het, het hulle koperdraad ontdek wat 200 jaar oud was.

Hulle het die gevolgtrekking gemaak dat hul voorsate reeds meer as 150 jaar gelede 'n telefoonnetwerk gehad het.

In die daaropvolgende weke het 'n Amerikaanse argeoloog getuigenis gesoek wat die Britte oortref. Kort daarna het daar 'n berig in die New York Bulletin verskyn:

"Amerikaanse argeoloë het koperdraad met 'n ouderdom van 250 jaar gekry. Hul afleiding is dat hul voorsate 50 jaar voor die Britte oor 'n gevorderde hoëtegnologie-kommunikasienetwerk beskik het."

'n Week later het die volgende berig in die Cape Bulletin verskyn:

"Lucky Simelane, 'n selfgeleerde argeoloog, het tien meter diep in sy agterplaas in Thabazimbi gegrawe en absoluut niks gekry nie (aziko, fokol).

"Lucky se afleiding is dat Afrika reeds 250 jaar gelede draadlose kommunikasie gehad het."

Dit maak jou trots om 'n Suid-Afrikaner te wees!

## Slim plan met 'n snorker

**DIE** manne was op jag, maar niemand wou saam met Frans slaap nie omdat hy so woens balke saag.

Die eerste oggend kom Paul, die ou wat Frans se tent gedeel het, met rooi oë en deurmekaar hare vir brekfis aan.

"Frans het so hard gesnork, ek het maar regop gesit en hom heelnag dopgehou," beantwoord hy die vraag.

Die volgende oggend is dit Johan se beurt om oes te lyk.

"Ek was heelnag wakker, bang hy snork die tent weg," sê Johan.

Toe breek Kobus se beurt aan – 'n regte tawwe Kalahariboer.

Die volgende oggend is hy fris en vrolik. Sy maats kon dit nie glo nie.

"Wat het gebeur?" vra hulle soos een man.

"Wel," sê Kobus, "toe dit slaaptyd word het ek hom mooi in sy bed toegemaak, op die boud geklop en 'n nagsoentjie gegee.

"Frans het die hele nag wakker gebly en my dopgehou."

## Praat van geluk!



**AS HIERDIE** storie jou nie aan die hart gryp nie, het jy nie 'n hart nie.

'n Ongelooflike verhaal van geluk en inspirasie!

Kan jy dit glo? Hierdie man, Ade Taylor, het verlede Woensdag \$181,000 in 'n lotery gewen.

Net twee dae later ontmoet hy toe die liefde van sy lewe.

Praat van geluk!

## Vreemde feite

- 'n Man het sy dokter gedagvaar omdat hy sy kanker langer oorleef het as wat die dokter voorspel het.
- Twee diere was in die proses om te steel toe die een van mening verander en sy maat in hegtenis geneem het.
- 'n Vrou het haar man se as in 'n sandloper vir eiers gesit sodat hy "steeds van hulp" in die kombuis kan wees.
- Die eerste bom wat die Geallieerde Magte in die Tweede Wêreldoorlog op Berlyn losgelaat het, het die enigste olifant in die Berlynse dieretuin se lewe geëis.



# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## SELFOON-MOLES

Jannie se ma sê vir hom om sy pa te bel en te vra hoe laat hy huis toe kom van die gholf af.

Jannie bel en sê agterna vir sy ma:

"Daar's 'n vrou wat sê hy kan nie nou praat nie!"

Later kom pappa by die huis en mamma gee hom 'n moewiese klap.

Pappa heel verbaas:

"Wat de hel was dit voor?"

Mamma sê vir Jannie: "Sê presies vir jou pa wat die vrou gesê het toe jy gebel het!"

Jannie: "The subscriber you have dialled is not available right now. Please try again later."

## NUWE HORLOSIE

Koos ruil sy nuwe horlosie vir 'n kuiertjie by 'n vrou van die nag.

Die volgende aand wil sy vrou weet waar sy horlosie is.

Koos wil nie lieg nie, glimlag en sê: "Ek het hom weggesteek, my liewe vrou."

## ROOMYS

Die ambulans kom met loeiende sirenes verby, en 'n dronk ou sit hom agterna en ploeg neer op die pad.

"Oukei!" skree die dronkaard agterna.

"Hou dan jou blierie roomys vir jousef!"

(Ingestuur deur Barry Pretorius.)

## OUPAS EN OUMAS

Het jy al gewonder wat die verskil tussen oupas en oumas is?

Die vyfjarige kleindogter se oupa neem haar elke dag skool toe, maar kry op 'n dag 'n swaar verkoue en ouma neem die rywerk oor.

Daardie aand vertel sy haar ouers hoe anders dit saam met ouma was.

"Wat het dit anders gemaak?" vra hulle.

"Wel, daar was geen blinde mol, harmansdrup, dom plank of armsalige gek saam met ons op die pad nie!"

(Dankie, Jo van Tonder.)

## GROOT VERSKIL

**Vraag:** "Wat is die verskil tussen 'n donderstorm en 'n spoedlokal?"

**Antwoord:** "In 'n donderstorm kan jy die bliksem sien."

## MIKE SE HOND

Mike: "Kallie, hoekom hol jou hond so in die strate rond?"

Kallie: "Ek het hom laat regmaak. Hy kanselleer net al sy afspraak."

(Van Rita van Lill.)

## WARE GELUK

Geluk is om 'n groot, intieme, liefdevolle familie in 'n ander stad te hê.

~ George Burns

## VROU SE TAAL

Wanneer 'n vrou "Wat?!" skree is dit nie omdat sy sleg gehoor het nie.

Dis om jou kans te gee om blitsvinnig te verander wat jy gesê het.

## BC deur Johnny Hart



## Verkeersreëls vir die Suid-Afrikaanse bestuurder

12 maniere om van jou 'n droombestuurder te maak.

1. Moet nooit jou flinkerligte gebruik nie – laat hulle liever raai wat jy volgende gaan doen.
2. Moet onder geen omstandighede 'n veilige afstand tussen jou en die kar voor jou handhaaf nie. Hierdie spasie sal gevul word deur minstens twee taxi's en 'n BMW en jy sal nog onveiliger wees.
3. Hoe vinniger jy deur 'n rooi lig jaag, hoe beter is die kans dat jy sal oorleef.
4. Moet nooit doodstop by 'n stopstraat nie. Iemand sal van agter af in jou vasry.
5. Moet nooit regs verbystek as jy dit links kan doen nie. Dit gee jou 'n goeie kans om te sien of die bestuurders wat by die snelweg aansluit, wakker is.
6. Net omdat jy in die regterkantste baan is en daar geen ruimte voor jou is sodat jy vinniger kan ry nie beteken nie dat die ou agter jou nie sy ligte sal fliets omdat hy dink hy kan vinniger as jy ry nie.
7. Ry altyd stadiger as jy iemand sien wat langs die pad 'n band omruil of as daar 'n ongeluk is. Moenie stilhou en uitklim en help nie – jy sal geskaak word.
8. Leer om vinnig uit te swaai. Suid-Afrika is die land van die hoëspoed slalombestuurder omdat die regering gate op sleutelplekke graawe om bestuurders se reaksies te toets.
9. Dis tradisioneel om jou toeter te blaas as die ou voor jou nie dadelik beweeg as die lig groen raak nie. Dit keer dat ooevare nie op die verkeerslig nes maak nie en dat voëls ook nie jou kar bemors nie.
10. Alternatief: Kyk hoe stadig jy kan wegtrek as die lig groen raak. Dit keer dat te veel karre kan oorsteek en verkeersknope veroorsaak.
11. Gemiddeld ry nog drie karre oor die kruising nadat die lig rooi geword het. Dis die mense wat nie hierdie basiese beginsel nakom nie wat verkeersopeenhopings veroorsaak.
12. Onthou dis veral die BMW's en Mercedese se base wat altyd eerste op 'n plek moet aankom, maak nie saak hoe nie.

## ETIKET VIR BRAKPANNERS

(soos voorgeskryf deur Emsie Schoeman en hersien deur André P. Brink)

### BESTUUR

1. *Dim* jou ligte as 'n kar van voor af kom, al is jou *gun* gelaai.
2. As jy by 'n 4-way stop kom, ry die ou met die grootste wiele eerste.
3. Moet nooit 'n ander kar tou met *pantyhose* en *duct tape* nie.
4. As jy jou vrou met 'n kannetjie stuur om te gaan petrol haal, is dit swak maniere om haar te vra om ook 'n bier terug te bring.
5. Moenie jou kar *spin* as jy in 'n begrafnisstoet ry nie.

## BOERELEKKERNYE IN ANDERKANTLAND

**Ons loop hierdie skakel uit Nieu-Seeland raak:**

[Nz Droewors](http://www.kiwihomepage.co.nz/nz/nz-droewors.html) [www.kiwihomepage.co.nz/nz/nz-droewors.html](http://www.kiwihomepage.co.nz/nz/nz-droewors.html)

3 Nov 2011 – Mr Grills **suppliers** of Biltong, Droewors and BBQ Accessories. .... Malay beef Masala koeksisters Jan Ellis Poeding **Roosterkoek** on the braai. ... ltd trading as Mr Biltong - , QLD Australia

**Verskaffers** van die lekkerste biltong, ... **en toe wonder ons of julle Kiwi's hiervan weet? En toe dink ons dis tyd dat julle Anderkantlanders weer vertel van al die Boeredinge wat julle te koop kry of self maak. Skryf aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)**



## Deel 13

# Agtelosigheid verniel lewens



**DIRK BOSHOFF**

vertel in sy reeks oor die Grensoorlog van twee voorvalle wat vermy moes gewees het.

**E**k is skaars 'n week terug van verlof, toe is daar weer probleme. 'n Ander soldaat was ook op bosverlof, maar besluit om van die States af te ryloop terug na Ondangwa toe. Met die Kubane wat al hoe meer begin infiltreer na Suidwes-Afrika is alle reëlins uiters streng. Ons word as deel van die rooi gebied bestempel. Ons was geel, wat beteken het ons is in semi-gevaar. Ondangwa was gedurende my hele diensplig rooi.

Die reëls is duidelik: Jy móét voor 18:00 in die kamp wees as jy nie op patrollie is nie. Jy mag nie uit die basis gaan behalwe vir Militêre optredes. So word jy behoorlik geklaar en ondersoek as jy terugkom.

Die soldaat wat terug geryloop het (waar hy gratis met vragvliegtuig kon gevlieg het) kom ná 20:00 'n entjie van die basis aan. Dit is reeds skemerdonker. Voetsoldate sien hom aan as 'n terroris terwyl hy probeer weghardloop.

Hy word deur ons eie soldate doodgeskiet weens sy eie nalatigheid.

Ons basis word een aand met semi-outomatiese gewere aangeval en ons sekuriteitsoldate skiet terug. Dit was maar sporadies en stop net so vinnig.

Een oggend net buite ons basis moes die soldate die paaie vee vir landmyne. Om een of ander rede is die pad nie die oggend gevee nie. 'n Sestien-sitplek bus is vol gelaai met soldate.

Saam met hulle is 'n jong vrou wat van die States gekom het om haar PF-man te kom besoek.

Saam met haar was ook haar twee seuntjies tussen vier en ses jaar oud. Hulle drie is die enigste siviele persone op die bus. Sy sit regs voor in die bus saam met haar twee seuns terwyl die bussie op die pad ry wat nie gevee was nie.

Die bussie trap 'n landmyn af presies waar die vrou sit. Almal behalwe die twee seuntjies word beseer van ernstig tot minder ernstig. Albei die vrou se bene en een arm word vergruis en hang net aan stukkie vel.

Ons moet 'n vragvliegtuig vol vrag wat ook van Rooikop af kom leeg maak en in 'n "ambulans"-vliegtuig verander. Orals is soldate op draagbare op die grond. Die vliegtuig word geherskeduleer na Waterkloof Lugmagbasis en nie meer Grootfontein nie.

**Die twee seuntjies staan en huil terwyl groot manne hulle probeer troos.**

Die twee seuntjies staan en huil terwyl groot manne hulle probeer troos, en almal begin laai. Die seuntjies se pa is ook ernstig beseer, maar lyk of hy dit sal maak. So moet ek en ander soldaat die vrou laai met al haar seer en onskuld.

Vir die eerste keer voel ek 'n gevoel van haat. Ek mag nie, maar die vrou is onskuldig. Sy skreeu van die pyn en het nog geen druppe aan haar nie. Alles het te vinnig gebeur.

Twee lede van die mediese korps gaan saam vlieg om met behandeling op die vliegtuig te begin. Ons tel die vrou se draagbaar op terwyl sy bly skreeu: "Julle maak my seer!"

Ek loop op my tone en so sag as ek kan om haar nie te laat beweeg op die draagbaar nie, maar sy bly skreeu van die pyn. My hart het uitgegaan na haar toe en glo ek nie sy was bewus dat haar bene en een arm heeltemal vergruis is nie. Bloed lê orals rond.

Dit sny diep in my hart dat so iets met iemand kan gebeur. Ek is nog jonk en beleef hierdie dinge. Ons was nie emosioneel hiervoor voorberei nie. Daar is ander wat deur erger dinge gegaan het. Ander weer deur minder erger.

So gaan die tyd verby. Dan is daar onverklaarbare dinge wat gebeur. Ek het nog nooit aan geeste/spoke geglo nie. Maar aan die einde van November 1985 sien ons iets in 'n groep wat ons nog nooit gesien het en ook nie weer wil sien nie. Iets onverklaarbaar . . .

**VOLGENDE KEER: Die Spook van Ondangwa**



# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

## Oorspronklike Esmé en Jan resepte

### MIELIEBROOD IN 'N BLIKKIE

(Een van hul gunstelingresepte, ingestuur deur Hester Richardson)

1 x 410g blikkie heel mielies	250g spekvleis (grof gekap)
5 ml bakpoeier	3ml sout
5 eiers	50ml suurroom

50g (100ml) koekmeelblom

Braai die spekvleis tot bros.

Voeg res van bestandele by en meng deeglik.

Skep in gesmeerde konfytblikkie driekwart vol met die mengsel.

Bedek met 'n dubbellaag gesmeerde foelie.

Bak ± 45 minute by 180 °C. (Kan ook OOR warm kole gebak word.)

Keer brood uit op 'n bord. Sny in dik skywe en bedien dadelik.

### VINNIGE VLEISPASTEI

1 - 2 tamaties	2 t bakpoeier
3/4 k koekmeel	1 eier
1 ui	
1/2 k olie	1/2 k melk

Geurmiddels en 'n bietjie sout

Gebruik gaar oorskietvleis gemaal en voeg dan die tamaties en ui by. Klits die melk, olie en eier deeglik. Sif die meel, bakpoeier en sout saam. Meng met die melk mengsel tot 'n sagte deeg. Skep oor die vleismengsel en bak teen ± 180 °C.



## POSKOETS

Kammanuus se lesers  
aan die woord

## Baaienaars sukkel ook met hitte

### Marietjie le Roux, Port Elizabeth:

Ek moet jou hierdie een vertel: Aan die begin van Februarimaand het ons ook hier in PE 'n hittegolf moes beleef. 'n Vrou SMS toe aan Die Burger (Oos-Kaap): "Ek bly maar 'indoors' . . . bang ek word 'n roosterkoek!"

Ná daardie hittegolf kan ons nie kla oor Februarimaand se weer nie. Buitengewone koel oggende en koel aande – dit is te wonderlik. Gewoonlik is dag en nag ondraaglik warm. Dit voel soos 'n bonus.

Nou kan ons vroeg soggens lekker woel en werskaf voordat dit dan later warm word. Ons slim weermanne het mos gesê ons kan Februarie, Maart en April (in hele SA) se reën alles gedurende Februarie verwag en daarom ook 'n vroeër winter. Wonderlik! PE het vir vier jaar erge droogte gehad – ons doop toe sommer vir PE "The desert city by the Sea!"

Alle waterbeperkings is nog nie opgehef nie en ons moet almal nog versigtig werk met die water. Baie huiseienaars het toe een of meer groot reënwateratenks opgerig. My familie aan die Rand kla oor die baie reën daar. Hulle sê die ingeboude kaste is klam en vra raad hoe om daarvan ontslae te raak.

O ja, ons Baaienaars hou van die wind. As hy nie waai nie, raak dit té warm.

Ek groet en dankie vir Kammanuus – ons broer in Kanada lees dit ook gereeld.

## Moses-storie is 'lasterlik'

### Liana Olivier:

Dankie vir my Kammanuus wat ek ontvang het. Dit is egter met groot hartseer dat ek die stukkie oor Moses en die 10 gebooie gesien het.

Nee wat dit hoort nie in enige nuusbrief van watter aard ook al nie, in my oë is dit lasterlik en teen christenskap.

Ek is seker daar is ander interessante en/of snaaksighede wat geskryf kan word.

**(Ons probeer darem matigheid voor oë hou, maar kry dit nie altyd reg in om aan almal se smaak en aan almal se norme te voldoen nie.- Hennie)**



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

## 'Ek sit langs jou, ou seun'

"Mense loop bankvas vir mekaar se hakke en kyk.  
Soos skape op pad kraal toe, loop ons, ná 'n lang  
dag se vreet in die veld."

Deur **MARIUS SPANGENBERG**

**E**k lees Desember die agterblad van Hiervandaan, Dana Snyman se nuwe boek. "Onthou net, ek is saam met jou in die kar, ou Seun" roer my en ek pik skelm 'n traan weg in die boekwinkel.

Ek lees Desember die agterblad van Hiervandaan, Dana Snyman se nuwe boek. "Onthou net, ek is saam met jou in die kar, ou Seun" roer my en ek pik skelm 'n traan weg in die boekwinkel.

Pa was lief vir onbekende paaie ry en plekke sien. Ek ook. Pa en Ma het naby Odendaalsrus geboer en sedert 2001 het ek hulle maar twee keer 'n jaar gesien, Kersfees en Paasfees. Odendaalsrus en Vredendal is so ver van mekaar verwyder as twee broers met 'n vete . . .

Paasnaweek 2005 besluit ek om eerder KKNK toe te gaan. Eintlik net 'n rede gesoek om 'n paar ander passe en paaie te ry.

Donderdagoggend 24 Maart trek ons uit Vredendal weg. Op die N7 net anderkant Klawer swenk ons links op die grondpad, al langs die Olifantsrivier, deur Clanwilliam tot in Citrusdal.

Uit Citrusdal stoot ons op met Middelbergpas, verby Op die Berg, op met Gydopas en verby Prins Alfred Hamlet tot in Ceres.

In Ceres sit ek eers 'n broodjie en koffie onder die hemp. Toe ry ons noordoos oor Theronsbergpas en draai regs by Hottentotskloof, oor die Vensterpas en karplaks vas in die ewige N1. Met 'n stukkie van die "onheil" ry ons terug Kaap se kant toe en klim verlig na links af op die R318.

Dis 'n lekker wakker grondpad. Af met Rooihoogtepas en Burgerspas. Die berge maak aaneenvoue tot onder waar ons Montagu van die kant af bekrui, neffens die Spa.

Die R62 lei na Barrydale. 'n Stuk wortelkoek van Clarke of the Karoo kry sy lê in 'n soetgaatjie.

Die aand slaap ons in Ladismith. Towerkop dwaal in my gedagtes. Vrydagoggend is dit koebaai Ladismith. Op pad na Calitzdorp draai ons links af deur die Seweweekspoort. By die T-aansluiting kies ons koers regs, op met die steil en klipperige Bosluiskloofpas. Dit loop dood in die Gamkapoortdam wat net noord van Die Hel lê. Ek's bewelip. My kamera het die week vantevore gegroet. Die eerste trippie wat ek nie 'n enkele foto neem nie. Ek neem tot foto's as ek gou ry om te gaan brood koop.

Terug op ons spore tot weer by die R62 en Calitzdorp toe deur die mooie Huisrivierpas.

Boplaas se port moet oorstaan op Goeie Vrydag . . . 'n jammerte. Voor Oudtshoorn draai ons af na Hoopvol. Die pragtigste ou kerk pryk godverlate in die middel van nêrens.

Oudtshoorn lewe. Ek maak Colt, my boesemvriend, vol petrol. Hy het ook 'n dorstigheid op hom van die hitte.

Die res van Vrydag en Saterdag KKNK ek. Mense loop bankvas vir mekaar se hakke en kyk. Soos skape op pad kraal toe, loop ons, na 'n lang dag se vreet in die veld. Die kolle kikoejoe is fyngetrap en verstof die lug. Dit eet en sweet en drom. Is ons nog by ons sinne?

Ek is onrustig. Wat soek ek hier? Hoekom is ek nie vandag op Stillewoning nie? Een van twee geleenthede 'n jaar om my ouers te sien, daarmee heen.

Pa is reeds sedert September 2004 baie kortasem en die borspyne vererger. Hy sê dit is 'n mantelvliesbreuk?





Ek werk Saterdag 'n vertoning van André Swiegers deur en verkyk my aan sy nuwe, mooi jong blonde maat.

Is daar 'n sagter op die oor grondpadliedjie as: Hoe draai die wind dan nou?

*"Iewers op 'n stofpad  
het ons verdwaal  
êrens by 'n kruising  
deurmekaar geraak."*

Moet ons links of regs? Ons kan regs en noord ry tot by Tweefontein en links op 'n grondpad na Clanwilliam? Ons kan links en suid ry in Ceres se rigting?  
'n Duitse oom hou in 'n stofwolk langs ons stil. Waar kom hy vandaan?

*"Presies waar is ons nou op die R355? Watter kant toe is die naaste petrol?"  
"Hou suid", gee hy raad.*

□ □ □ □

Ons het toe meer suid op die R355 uitgekom, as wat ek gereken het. Net bokant Gansfontein. Die grondpad van Tweefontein na Clanwilliam is toe al die tyd 'n privaat viertrekroete, vind ek later uit.

In die nag sonder petrol gaan staan, was ons voorland, het ons regs gedraai. Dankie, oom.

Suid, net anderkant Rietfontein, draai ons regs op die Swartrug-, Kouebokkeveldpad, oor Katbakkiespas, verby Kagga Kamma se grotverblyf, tot weer by die R303. Dit is al donker en ons waag dit terug na Citrusdal. Ek trap die petrol byna nie. Reën sak uit en Middelbergpas is toe gemis en glibberig. Ek bid.

*"Iewers in die skemer  
het ons mekaar verloor  
êrens in die landskap lê daar dalk  
nog 'n spoor."*

Ons ry Citrusdal Sondagaand nader aan 9 uur binne. 'n Petroljoggie kry byna 'n oopmondsoen van blydschap. Ons het dit gemaak! Colt sluk 'n 100 liter petrol, hoewel sy tenk eintlik net 95 liter neem. Hy het diep in sy reserwe gedelf.

Patrick's is wragtag oop . . . Paassondagaand! Ek lê weg aan 'n koue en 'n meneer T-been. Was ek al ooit só gelukkig?

Laatnag kom ons in Vredendal aan. Ons trippie is verlede tyd. My selfoon wys 'n string boodskappe wat in Niemandslaan opgehoop het. Pa het 'n boodskap gelaat?  
*"Hoekom kry ons jou nie in die hande nie?"*

Gewoonlik bel Ma. Pa raak sommer uitgepraat na: *"Hallo, hoe gaan dit?"*

Maandag bel ek huis toe. Pa antwoord. Hy wil weet waar ek oral gery het. Hy laat my aanhou om sy padkaart en bril te gaan haal. Hy volg die grondpaaie en passe saam met my oor die foon. Ons praat lank, langer as ooit vantevore oor 'n telefoon.

'n Paar dae later, Sondagoggend 3 April 2005, bel Ma: *"Pappa is weg . . ."*

Nou een dag kuier ek in Odendaalsrus by haar. Ek haal die padkaart uit op soek na 'n dorp se naam. Die boek val oop by Sutherland en ek sien Pa se penmerke soos hy ons ryery die dag oor die foon gevolg het.

*"Onthou net, ek is saam met jou in die kar, ou Seun. Ek sit daar langs jou".*

**(Geneem uit WEG se webblad.)**

As julle en ons uitgespaar word,  
is daar weer 'n Kammanuus op  
14 MAART. Mooi loop!

## STAMBOOM Wie kan die familie-soekers help?

**BEUKES** [jabezt@hotmail.com](mailto:jabezt@hotmail.com)

Ek is op soek na Johanna Aletta Bezuidenhout, neé Beukes van Queenstown-omgewing gebore 20 November 1892 se broers en susters en ouers se inligting.

**BEZUIDENHOUT** [jabezt@hotmail.com](mailto:jabezt@hotmail.com)

Op soek na meer inligting oor Bezuidenhout-familie woonagtig in Elliot-distrik en later verhuis na Harrysmith in die Vrystaat. Broers en susters van Pieter Jacobus Schalk Bezuidenhout, gebore 15/11/1887. Getroud met Johanna Aletta, gebore 20/11/1892. Haar nooiensvan is onbekend. Enige hulp sal welkom wees.

**FOURIE** [nfourie@telkomsa.net](mailto:nfourie@telkomsa.net)

Soek meer inligting oor Louis Petrus Fourie gebore 11/11/1892, te Albertweg. Getroud met Maria Anna Katrina Elizabeth Petzer, en 5/6/1902 te Oos-Londen.



**FOURIE** [tcf.golfer@gmail.com](mailto:tcf.golfer@gmail.com)

Ek is Theo Fourie; geboortename Theodorus Cornelis, reeds vyf geslagte met dieselfde naam, sover ek weet, almal uit die Vrystaat

**GELDENHUYS** [lizegeldenhuys73@gmail.com](mailto:lizegeldenhuys73@gmail.com)

Ek is op soek na die stamboom van die Geldenhuysse. My man se oupa was Hendrik Cornelius Geldenhuys. Help asseblief!

**JACOBS** [dtrdelwery@mweb.co.za](mailto:dtrdelwery@mweb.co.za)

Soek die nasate van my voorouers: Pieter Daniel Jacobs (kommandant, Slag van Bloedrivier). Sy kleinseun (my oupa) Pieter Daniel Jacobs. Sy vrou Aletta Catharina (Botha) van Heidelberg Tvl. was 'n vertoueling van Paul Kruger. Ek wil graag 'n stamboom begin. Familie kontak my asb.

**JONKER** [hifourie100@gmail.com](mailto:hifourie100@gmail.com)

Ons soek A.J. Jonker (Adolf Johannes) van Potchefstroom se nageslag, Getroud met Maria Jacoba Raath. Noemnaam Ouma Stompie.

**KOTZE** [ajmfkotze40@yahoo.com](mailto:ajmfkotze40@yahoo.com)

Ek wil weet waar my mense vandaan kom, so ek soek so veel inligting as moontlik asseblief.

**LUTTIG** [cluttig@zeal.com.au](mailto:cluttig@zeal.com.au)

Pa was SPS (Sampie) Luttig van Prins Albert en ma Marie (gebore Rabie) van Koffiefontein.

**NAUDE** [naudepaul@rocketmail.com](mailto:naudepaul@rocketmail.com)

Paul Albertus. My voorouers, drie geslagte terug, het in Suidwes gewoon.

**PRINSLOO** [online2653327@telkomsa.net](mailto:online2653327@telkomsa.net)

My oupa was in Anglo-Boereoorlog. Jochemus Johannes Petrus Prinsloo, sy naam is onder brug te Pretoria - Leeubrug, volgens geskiedenis is Prinsloostraat en Princespark in Pretoria na familie vernoem. Daar is 'n soektog na 'n kaart en transport wat klaarblyklik grond wat aan familie behoort verklaar. Destyds toe my oupa en my pa navorsing gedoen het was dit 'n prokureur met die van Pirro wat die saak opgeneem het. Geen inligting verder en sal baie graag die stamboom verder wil ontgin.

**RABIE** [Loubserannamie@gmail.com](mailto:Loubserannamie@gmail.com)

My pa was Pieter Jacobus Rabie. (Getroud met Anna Lillian Le Roux.) Sy pa, Carel van der Merwe Rabie. Sover ek weet is hy (Carl Rabie) in Worcester gebore.

**OLIVIER** [slabbert.ria@gmail.com](mailto:slabbert.ria@gmail.com)

Ek soek meer info oor Jan Tielman en Susanna Isabella Lotz wie se dogter, Anna Maria Elizabeth, in 1889 in Ladismith gebore is.

**RAS** [reINETte.kruger@mail.com](mailto:reINETte.kruger@mail.com)

My ouma was Barbara Ras (De klerk). Oupa Pieter Jacobus Ras. Het enigiemand inligting oor James Stokes (aankoms 1848) se eerste paar jaar in SA?

**VAN JAARVELD** [braamvj@absamail.co.za](mailto:braamvj@absamail.co.za)

Beoog om al die Van Jaarsveld-families in Suid-Afrika op te teken!

**VAN NIEKERK** [reINETte.kruger@mail.com](mailto:reINETte.kruger@mail.com)

Ouma en oupa het in Koster gewoon. As u enige inligting het, kontak my asseblief. Ek sal dit baie waardeer

**VOGES** [magrietvoges@gmail.com](mailto:magrietvoges@gmail.com)

Enige Voges met inligting omtrent die Voges-stamboom kan asseblief met Magriet en Willem Voges per e-pos in verbindig kom.

**WEHMEYER** [derekweh@hotmail.com](mailto:derekweh@hotmail.com)

Ek is besig om die Wehmeyer-stamboek saam te stel. Enigeen met inligting kan my asseblief kontak.

---